GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN
# 2024

**10791**

**GESKIEDENIS**

**(VRAESTEL 1)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 150**

GESKIEDENIS V1
10791A

**9 bladsye + 'n addendum van 14 bladsye**

X05

More Recourses
Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring
TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE-OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950'S TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Die bronmateriaal wat benodig word om die vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die 'n blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae vanuit hierdie afdeling NIE. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: WAT WAS DIE UITDAGINGS WAT OOS-BERLYNERS IN DIE GESIG GESTAAR HET TERWYL HULLE IN DIE 1960's AS GEVOLG VAN DIE BERLYNSE MUUR NA WES-BERLYN PROBEER ONTSNAP HET?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Raadpleeg Bron 1A.

1.1.1 Wie, volgens die bron, het die Berlynse Muur gebou? (1 x 1) (1)

1.1.2 Watter rede, volgens die bron, het die Oosblok-regering gegee vir die oprigting van die muur? (1 x 2) (2)

1.1.3 Verduidelik die konsep *fascisties* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.4 Lewer kommentaar op wat bedoel word met die stelling, 'Die Wes-Berlynse stadsregering het soms daarna verwys as die "Skandmuur" in die konteks van die Berlynse Muur'. (1 x 2) (2)

1.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die aantal ontsnaptes uit Oos-Berlyn toegeneem het selfs toe die Berlynse Muur voltooi is. (1 x 2) (2)

1.2 Gebruik Bron1B.

1.2.1 Wanneer, volgens die bron, het Conrad Schumann oor die rolle doringdraad gespring? (1 x 1) (1)

1.2.2 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat aandui dat Schumann sy ontsnapping beplan het. (2 x 1) (2)

1.2.3 Verduidelik die begrip *vlugteling* in die konteks van die verdeling van Berlyn. (1 x 2) (2)

1.2.4 Lewer kommentaar oor hoekom die Oos-Duitse staatsveiligheidspersoneel en polisie Conrad Schumann se ontsnapping uit Oos-Berlyn as 'n ontvoering wou uitbeeld. (2 x 2) (4)

1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik hoekom jy dink dat hierdie foto tydens die bestaan van die Berlynse Muur ikonies (bekend/gewild) geword het. (2 x 2) (4)

1.3.2 In die konteks van die Koue Oorlog, lewer kommentaar oor hoe die volgende lande, nadat hulle hierdie foto bekyk het, sou gereageer het:

(a) Die VSA (1 x 2) (2)
(b) Die USSR (1 x 2) (2)

1.4 Verwys na Bronne 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C ondersteun aangaande die uitdagings wat Oos-Berlyners tydens die bestaan van die Berlynse Muur in die gesig gestaar het. (2 x 2) (4)

1.5 Lees Bron 1D.

1.5.1 Verskaf VIER bewyse uit die bron wat suggereer dat die Oos-Berlyners bitter graag na die Weste wou ontsnap. (4 x 1) (4)

1.5.2 Lewer kommentaar oor hoekom films oor die ontsnaptes aan die Amerikaanse radiostasie, die *National Broadcasting Company*, verkoop is. (1 x 2) (2)

1.5.3 Identifiseer, uit die bron, die TWEE ontsnappingshelpers wat deur die DDR-grenswagte beseer is. (2 x 1) (2)

1.5.4 Waarom sou 'n historikus hierdie bron bruikbaar ag wanneer hy ondersoek hoe Oos-Berlyners die Berlynse Muur ontsnap het? (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die uitdagings verduidelik wat die Oos-Berlyners in die gesig gestaar het terwyl hulle na Wes-Berlyn probeer ontsnap het tydens die bestaan van die Berlynse Muur in die 1960's. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE KOUE OORLOG SUPERMOONDHEDE TOT DIE BURGEROORLOG IN ANGOLA BYGEDRA?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Gebruik die bron en lys die DRIE hoofbevrydingsorganisasies wat ten tyde van die Angolese onafhanklikheid teenwoordig was. (3 x 1) (3)

2.1.2 Waarom, volgens die bron, was beheer oor Luanda krities? (1 x 2) (2)

2.1.3 Definieer die konsep *burgeroorlog* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die USSR die MPLA ondersteun het. (2 x 2) (4)

2.1.5 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die ervaring van die VSA in Viëtnam die meeste Amerikaners huiwerig gemaak het om by Angola betrokke te raak. (1 x 2) (2)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Wie, volgens die bron, het die geheime oorlog in Angola bestuur? (1 x 1) (1)

2.2.2 Gebruik die bron en lys TWEE kommoditeite wat deur die VSA aan groepe in Angola verskaf is. (2 x 1) (2)

2.2.3 Verduidelik die begrip *gevolmagtigde* in die konteks van die Angolese Burgeroorlog. (1 x 2) (2)

2.2.4 Gebruik jou eie kennis en verduidelik hoekom die VSA nie die MPLA wou toelaat om Angola te beheer nie. (1 x 2) (2)

2.3 Verwys na Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik watter boodskappe die spotprent oor die aard van Amerika se rol in die Angolese Burgeroorlog oordra. Gebruik visuele leidrade uit die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.3.2 Lewer kommentaar op die feit dat die "Angola Toebroodjie" vol geld is. (1 x 2) (2)

2.4 Vergelyk Bron 2B met Bron 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2C rakende die betrokkenheid van die VSA in die Angolese Burgeroorlog ondersteun. (2 x 2) (4)

2.5 Raadpleeg Bron 2D.

2.5.1 Identifiseer, uit die bron, die rede dat die FNLA en UNITA deur die Sowjetunie as "splitsers" beskou is. (1 x 2) (2)

2.5.2 Waarom is UNITA, volgens die bron, as ŉ marionet van internasionale monopoliekapitalisme veroordeel? (2 x 1) (2)

2.5.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op die stelling dat die FNLA en UNITA "niks meer as ŉ instrument in die hande van die Amerikaanse intelligensiediens" was nie. (1 x 2) (2)

2.5.4 Hoekom dink jy wou internasionale monopolieë toegang tot Angola se hulpbronne hê? (1 x 2) (2)

2.5.5 Wat is die beperkings van hierdie bron vir ŉ historikus wat die Burgeroorlog in Angola navors? (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik hoe die Koue Oorlog-supermoondhede tot die Burgeroorlog in Angola bygedra het. (8)

**[50]**

MAAK ASSEBLIEF HIERDIE ADDENDUM LOS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2024

**10791**

**GESKIEDENIS**

**(VRAESTEL 1)**

**ADDENDUM**

**14 bladsye**

**VRAAG 1: WAT WAS DIE UITDAGINGS WAT OOS-BERLYNERS IN DIE GESIG GESTAAR HET TERWYL HULLE IN DIE 1960's AS GEVOLG VAN DIE BERLYNSE MUUR NA WES-BERLYN PROBEER ONTSNAP HET?**

**BRON 1A**

Die bron hieronder skets die redes en reaksies op die bou van die Berlynse Muur in 1961.

Die Berlynse Muur was ŉ versperring wat Duitsland van 1961 tot 1989 verdeel het. Die Muur, gebou vanaf 13 Augustus 1961 deur die Duitse Demokratiese Republiek (DDR/Oos-Duitsland), het Wes-Berlyn heeltemal afgesny van die omliggende Oos-Duitsland en van Oos-Berlyn. Die versperring het wagtorings langs groot betonmure ingesluit, wat ŉ wye gebied (later bekend as die 'doodstrook') met teenvoertuig-loopgrawe, 'fakir-beddings' en ander verdedigingsmeganismes, omsingel (ingesluit) het. Die Oos-blok het beweer dat die Muur opgerig is om sy bevolking te beskerm teen fascistiese elemente wat saamgesweer het om die 'wil van die mense' in die bou van ŉ sosialistiese staat in Oos-Duitsland te voorkom.

Die Wes-Berlynse stadsregering het soms daarna verwys as die 'Skandmuur', ŉ term wat deur burgemeester Willy Brandt geskep is, terwyl hy die Muur se inperking op bewegingsvryheid veroordeel het. Saam met die afsonderlike en veel langer Duitse Binnegrens (DBG), wat die grens tussen Oos- en Wes-Duitsland afgebaken (gevestig) het, het dit ŉ fisiese merker van die 'Ystergordyn' geword wat Wes-Europa en die Oosblok gedurende die Koue Oorlog geskei het.

Voor die oprigting van die Muur het 3,5 miljoen Oos-Duitsers Oosblok-emigrasiebeperkings omseil (vermy) en uit die DDR oorgeloop (ontsnap), baie deur die grens van Oos-Berlyn na Wes-Berlyn oor te steek. Van daar af kon hulle na Wes-Duitsland en ander Wes-Europese lande reis. Tussen 1961 en 1989 het die Muur feitlik alle soortgelyke emigrasie verhoed. Gedurende hierdie tydperk het ongeveer 5 000 mense probeer om oor die Muur te ontsnap, met ŉ geraamde dodetal wat wissel vanaf 136 tot meer as 200 mense in en om Berlyn.

[*Uit https://courses.lumenlearning.com/suny-hccc-worldhistory2/chapter/the-building-of-the-berlin- wall. Toegang op12 Maart 2022 verkry.*]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n artikel getiteld '*Die Koue Oorlog as 'n visuele konflik: fotografiese voorstellings van die Berlynse Muur, 1998*' en is gepubliseer in die *Brolly Journal of Social Sciences* (Oxford 1998). Dit fokus op die ontsnapping van die Oos-Duitse grenspolisieman, Conrad Schumann.

Die grenspolisieman, Conrad Schumann, was 19 jaar oud toe hy op die middag van 15 Augustus 1961 oor die rolle doringdraad op die hoek van Bernauer en Ruppiner Strasse gespring het. Toe die maatreëls om die grens af te sluit op 13 Augustus 1961 begin het, was sy eenheid reg op die sektorgrens by Bernauer Strasse geplaas. Terwyl hy daar diens gedoen het, het Conrad Schumann die besluit geneem om te vlug.

Op 15 Augustus 1961 was Conrad Schumann as wag by Ruppiner Strasse op diens – direk by die doringdraadversperring wat by die grens geplaas is. Hy het spontaan besluit om die geleentheid wat aan hom gebied is, te benut. Toe niemand kyk nie, het hy 'n bietjie op die doringdraad gedruk en aan fotograwe wat aan die Wes-Berlynse kant gestaan het, 'n teken gegee. Hulle het sy plan om te ontsnap, herken. Die Wes-Berlynse polisie het hul motor 'n paar meter van die doringdraad geplaas en die agterdeur oopgelaat. Die fotograwe het hul kameras op die ander grenswagte daar naby gemik sodat hulle sou omdraai en wegbeweeg van die grens. Dit was omstreeks 16:00 toe Schumann gespring het. Toe die ander grenswagte terugdraai, het hulle gesien hoe Conrad Schumann met hoë spoed in 'n Wes-Berlynse polisiemotor weggery word.

Schumann se ontsnapping het nogal 'n opskudding veroorsaak. Verteenwoordigers van die Ministerie van Staatsveiligheid en die Oos-Duitse polisie het eers ooreengekom om sy ontsnapping as 'n ontvoering uit te beeld. Maar gegewe die breë mediadekking in die Weste was dit moeilik om hierdie uitbeelding te handhaaf. Conrad Schumann het in Wes-Berlyn as vlugteling in Marienfelde-sentrum gebly tot einde September 1961. Toe is hy deur die Wes-Duitse federale regering uitgevlieg en kon hy vir homself 'n nuwe lewe in Beiere bou.

**[Uit *The Cold War as a visual conflict: photographic representations of the Berlin wall, 1998; Brolly. Journal of Social Sciences vol. 2 (Oxford 1998 ) deur Cyril Buffet.*]**

**BRON 1C**

Die foto hieronder is op 15 Augustus 1961 deur Peter Leibing, 'n negentienjarige Wes-Duitse fotograaf geneem. Dit is op 16 Augustus 1961 op die voorblad van die Duitse koerant *Bild* gepubliseer. Dit beeld die Oos-Duitse grenspolisieman, Conrad Schumann, wat oor die doringdraadversperring tussen Oos- en Wes-Berlyn spring, uit.




**[Uit *Bild*, 16 Augustus 1961]**

**BRON 1D**

Die uittreksel hieronder is geneem uit ’n boek deur ’n Duitse historikus Hans-Hermann Hertle, getiteld *Berlynse Muur: monument van die Koue Oorlog*. Dit fokus op hoe Oos-Berlyners aangehou het om na Wes-Berlyn te ontsnap, ongeag die gevare verbonde aan die gebruik van tonnels en ander metodes.

Om die tonnel te grawe was een van die mees tydrowende, moeisame (moeilike) maniere om te ontsnap. Ongeveer 40 ontsnappings was bekend. Die eerste tonnel is in September 1961 gebou. Die laaste futiele poging is aan die einde van 1989 gemaak. Die meeste tonnels is gegrawe deur Westerse ontsnappingshelpers wat hul familie en vriende in Wes-Berlyn wou kry. Oos-Duitsers het ook hul eie pad na die Weste gegrawe. Die meeste tonnels was 32 meter lank en 1,75 meter hoog. Ander het deur ondergrondse rioolstelsels ontsnap. Studente in Wes-Berlyn het geld om tonnels te bou ingesamel deur tonnel-ontsnappings en aankomsfilms aan die *American National Broadcasting Company* (NBC) te verkoop. Om mense te help om te ontsnap, het ’n winsgewende besigheid vir ander geword.

Die DDR-offisiere is vir ’n geruime tyd deur vervalste paspoorte en rybewyse van Wes-Berlyners geflous. Baie mense het uit hoë vensters na die Westerse sektor oorgespring. Dit het nie lank geneem vir DDR om die truuks en ’n paar tonnels te ontdek nie. Die meeste van die tonnelprojekte is op 13 September 1963 ontdek. Een van die tonnels wat deur DDR-troepe ontdek is, was ’n tonnel wat vanaf Heidelberger Strasse in die Wes-Berlynse distrik Neukolln gegrawe is.

Etlike honderde mense het daarin geslaag om ondergronds te ontsnap. Baie ontsnaptes en ontsnappingshelpers is egter gearresteer en lang tronkstraf opgelê. Hul poging tot ontsnapping is as verraad beskou. Ontsnappings per tonnel het menselewens gekos. Dit het vir baie ontsnaptes ’n trauma gebly. Twee Westerse ontsnappingshelpers, Heinz Jercha en Siegfried Noffke, is noodlottig deur die Duitse Demokratiese Republiek se grenswagte beseer. Twee grenswagte, Reinhold Huhn en Egon Schultz, is ook vermoor terwyl hulle aan diens was. Die Berlynse Muur het nie net die lewe van ontsnaptes geneem nie, maar ook dié van wagte.

**[Uit *Berlin Wall: monument of the Cold War* deur Hans-Hermann Hertle]**

## VRAAG 2: HOE HET DIE KOUE OORLOG SUPERMOONDHEDE TOT DIE BURGEROORLOG IN ANGOLA BYGEDRA?

### BRON 2A

Die bron bespreek die redes vir die betrokkenheid van die Koue Oorlog supermoondhede (die VSA en USSR) by die Angolese Burgeroorlog in die 1970's.

Die Angolese het effektief die oorlog om onafhanklikheid van Portugal in 1974 gewen. Daar was drie hoofbevrydingsorganisasies (MPLA, FNLA en UNITA). Hulle verteenwoordiger het met die Portugese vergader om ŉ verdrag op te stel en te onderteken wat bepaal het dat Angola op 11 November 1975 amptelik onafhanklik sou word, wat die Portugese tyd gegee het om hul troepe te onttrek. Ten spyte van ŉ gemeenskaplike koloniale vyand, was die MPLA, FNLA en UNITA egter nie in staat om saam te werk om ŉ verenigde Angolese regering te skep nie. Nadat die Portugese uit Angola onttrek het, het die MPLA beheer oorgeneem van Luanda, die middelpunt van die Angolese regering. Beheer van Luanda was krities; baie Angolese het geglo dat wie ook al op 11 November die mag in Luanda gehad het, legitimiteit as die leier van die nuwe regering sou verkry. Ontevrede met die MPLA se magsposisie, het die FNLA-magte MPLA-magte naby Luanda in Februarie van 1975 aangeval, wat die Angolese Burgeroorlog aan die gang gesit het.

Met die uitbreek van die burgeroorlog het globale moondhede toenemend in Angola betrokke geraak. Die Sowjetunie (USSR) het die MPLA sedert 1962 ondersteun en wapens verskaf vir hul stryd teen Portugal. Hulle het voortgegaan om dit ná onafhanklikheid te doen. Die Verenigde State het in die geheim, via die CIA, ondersteuning aan Holden Roberto en sy FNLA-magte begin verleen om wat hulle gesien het as die verspreiding van kommunisme in Afrika, te voorkom.

Die CIA was vasbeslote om die FNLA te ondersteun, ten spyte van die feit dat die onlangse einde van die Viëtnam-oorlog baie Amerikaners huiwerig gemaak het om by eksterne konflikte betrokke te raak. Soos John Stockwell, ŉ lid van die CIA Angola-taakspan, gesê het, "die Amerikaanse volk, die Kongres en die media sal dit nie verdra dat die VSA sy magte in ŉ ander land plaas waarin nie een van die Amerikaanse mense belangstel nie." Om enige sulke opposisie te vermy, het die CIA in die geheim geld aan die FNLA deur Zaïre begin deurstuur.

Supermoondheid-betrokkenheid het verder by die konflik toegeneem nadat Kuba militêre en wapenadviseurs na Luanda gestuur het om die MPLA-weermag te ondersteun. Die Verenigde State, wat Kuba as ŉ verlengstuk van die Sowjet-invloed beskou het, was woedend. Met die Kubane wat die MPLA ondersteun het, het die Amerikaanse administrasie gevrees dat die FNLA nie alleen ŉ oorwinning sou kon behaal nie en het daarom Savimbi se UNITA-vegters ook begin ondersteun. Die CIA het egter, omdat hulle nie regstreekse militêre ondersteuning aan UNITA of die FNLA kon verleen nie, na die apartheidsregering van Suid-Afrika uitgereik om direkte militêre bystand te vra.

**[Aangepas uit *https://americanarchive.org/exhibits/newshour-cold-war/angola/.* Toegang op 11 Januarie 2024 verkry.]**

**BRON 2B**

Die volgende uittreksel is uit ŉ intelligensieverslag wat in 1975 deur die Sentrum vir Nasionale Sekuriteitstudies in Washington DC voorberei is. Dit bespreek die betrokkenheid van die VSA in die destydse Angolese Burgeroorlog.

Die Verenigde State is vandag diep in ŉ wrede oorlog in Angola betrokke. Soos die Viëtnamese konflik in sy vroeë fase, is die Angolese oorlog, wat die publiek en die meeste van die Kongres betref, ŉ geheime oorlog wat deur die CIA bestuur word. Soos in Viëtnam, neem die president die sleutelbesluite. President Gerald Ford het die CIA persoonlik gemagtig om geheime geld en wapens aan groepe in Angola te verskaf.


Alhoewel die Ford-administrasie herhaaldelik verklaar het dat die Verenigde State nie by Angola betrokke sou raak nie, het amptelike bronne berig dat, op 12 Desember, die CIA $50 miljoen aan die Angolese oorlog bestee het, hoofsaaklik om Holden Roberto se FNLA te ondersteun, asook 5 spioenasievliegtuie (wat deur Amerikaners gevlieg word) die Angolese gevegsones binnegestuur het. Volgens hierdie bronne het die Amerikaanse lugmag C-141-vervoerstralers, wat namens die CIA vlieg, gereeld op die lughawe in Kinshasa in Zaïre (Kongo) geland, en tonne militêre voorrade, insluitend gewere, masjiengewere, ligte artillerie (kanonne), vuurpyllanseerders en ammunisie gelewer: hierdie voorrade is dan met klein vliegtuie na Angola gevlieg. Boonop is berig dat Amerikaanse huursoldate (soldate te huur) in Angola geveg het en dat daar ŉ landwye poging was om verdere huursoldate te werf.

Met Holden Roberto se FNLA wat reeds as ŉ Amerikaanse gevolmagtigde optree, was president Ford se sleutelbesluit die vorige lente of hy ŉ tweede groep, UNITA, moes begin finansier. Die "40-komitee", onder voorsitterskap van Henry Kissinger, het reeds $300 000 in geheime fondse vir Jonas Savimbi, hoof van UNITA, goedgekeur en die president het persoonlik die optrede goedgekeur. Die president en Kissinger was albei daarvan bewus dat die toevoeging van UNITA tot die Amerikaanse rekening ŉ groot stap was, amper ŉ onderneming dat die Verenigde State nie die MPLA sou toelaat om Angola te beheer nie.

**[Aangepas uit *https://www.cia.gov/readingroom/docs/CIA-RDP88-01314R000100660020-1.pdf* Toegang op 20 Januarie 2024 verkry.]**

**BRON 2C**

Die volgende visuele bron is ’n spotprent deur die Amerikaanse spotprenttekenaar, Etta Hulme, op 9 Januarie 1976 in die *Fort Worth Star-Telegram* koerant gepubliseer. Die spotprent beeld twee sjefs uit wat ’n “Angola Toebroodjie” verkoop met die meeste bestanddele geredigeer (geheim gemaak).




**[Uit *https://libraries.uta.edu/ettahulme/image/20087313jpg* Toegang op 3 Februarie 2024 verkry.]**

**Vertaling:** Probeer ons Angola-toebroodjie.
Twee suiwer [redacted] frikadelle, [redacted] sous, [redacted], [redacted], [redacted], op ’n [redacted] broodjie!

“Geen geregverdige koekeloer (afloerdery) nie, maar as julle daarop aandring, kan ons julle ’n lys van bestanddele gee wat beslis nie ingesluit is nie”

**Jerry: President Gerald Ford van die VSA**

**Henry: Minister van Buitelandse Sake State Henry Kissinger van die VSA**

**BRON 2D**

Die volgende bron, verkry uit inligting in die Sowjet-koerant *Izvestiia* beskryf die USSR se perspektief op die konflik in Angola.

Die FNLA en UNITA is deur die Sowjetunie as "splitsers" beskou omdat hulle die anti-koloniale stryd verraai het en van die rewolusie "gesplit" het, en hulle vereenselwig het met die Westerse Koue Oorlog-moondhede. Hulle is soms beskryf as "Valse" (skyn) bevrydingsbewegings en verraaiers. Die MPLA, as mede-Marxiste, is gesien as "verdedigers van die rewolusie".

Die USSR het die Weste se onderduimse (skelm) imperialistiese taktiek om die nasionale bevrydingsbeweging te verdeel veroordeel, deur hierdie valse organisasies te ondersteun. Die FNLA het veral by hierdie beskrywing gepas: dit is gereeld veroordeel omdat dit befondsing van Amerika ontvang het. Na aanleiding van UNITA se alliansie met die FNLA en sy aanvaarding van steun van Suid-Afrika en Amerika, is dit ook veroordeel as 'n marionet van die internasionale monopoliekapitalisme. Die organisasies is mondelings aangeval as "niks meer as 'n instrument in die hande van die Amerikaanse intelligensiediens nie".

Waarom het die "imperialiste" Angola as die plek vir hul inmenging gekies? Vir die Kremlin was daar twee groot redes. Die eerste, en waarskynlik die belangrikste, was Angola se groot rykdom van natuurlike hulpbronne. Internasionale monopolieë, wat deur die verskillende Westerse regerings gewerk het, het gevrees dat die MPLA beheer oor Angola se rykdom sou behou en het dus probeer om die mense van Angola te verhoed om volledige meesters van hul eie land te word. 'n Tweede rede was die verdediging van "rassistiese regimes" in Suider-Afrika, veral in die Republiek van Suid-Afrika.

Namate die FNLA-offensief teen Luanda in Julie gereed gemaak het, is beide die FNLA en UNITA toenemend beskou as instrumente van "imperialistiese reaksie" aangesien hulle deur Amerika en sy bondgenote geborg is; hulle is beskou as teenstanders van demokratiese verandering, wat rassistiese en koloniale beheer in Angola wou bewaar. Teen vroeg in November was Sowjet-verhoudinge met en houding teenoor die MPLA redelik uitstekend. Volgens die Sowjette het die MPLA die mees gesaghebbende en progressiewe organisasie geword wat die wil van die Angolese volk uitgebeeld het en dus Sowjet-ondersteuning verdien het.

**[Aangepas uit *https://apps.dtic.mil/sti/tr/pdf/ADA511493.pdf* Toegang op 6 Februarie 2024 verkry.]**

## VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE VRYHEIDSOMER-VELDTOG VAN 1964 OP DIE STEMREG VAN AFRO-AMERIKANERS IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's GEHAD?

### BRON 3A

Die bron hieronder fokus op die redes vir die Vryheidsomer-veldtog in Mississippi in 1964.

Vryheidsomer, ook bekend as die Mississippi Somerprojek, was ŉ vrywilligersveldtog in die Verenigde State wat in Junie 1964 van stapel gestuur is om te probeer om soveel as moontlik Afro-Amerikaanse kiesers in Mississippi te registreer. In 1962 was slegs 6,7% van Afro-Amerikaners in Mississippi geregistreer om te stem. Swartes is sedert die draai van die eeu as gevolg van hindernisse tot kiesersregistrasies en ander wette beperk om te stem. In sommige gevalle is voornemende kiesers ekonomies sowel as deur fisieke aanranding geteister.

Die projek is georganiseer deur die *Council of Federated Organisations* (COFO) en vrywilligers het van die vier groot burgerregte-organisasies (SNCC, CORE, NAACP en SCLC) gekom. Die beplanning vir die Vryheidsomer het in Februarie 1964 begin. SNCC-werwers het met dosyne potensiële vrywilligers onderhoude gevoer. Meer as 1 000 vrywilligers van buite die staat, meestal van stede in die Noorde, het saam met duisende swart Mississippiërs aan die Vryheidsomer deelgeneem. Wit burgerregteleiers het voortgegaan en ŉ veel groter aantal wit vrywilligers gewerf om meer aandag te trek.

Baie van Mississippi se wit inwoners het die buitestaanders en enige poging om die inwoners se samelewing te verander, diep verag (gehaat). Staats- en plaaslike regerings, polisie en die Ku Klux Klan het arrestasies, brandstigting, aanrandings, uitsettings, afdankings, moord, spioenasie en ander vorme van intimidasie en teistering teen die Vryheidsomer-werkers gebruik.

Vrywilligers is reeds, met die aanvang van die veldtog, aangeval. Op 21 Junie 1964 is James Chaney, ŉ swart CORE-aktivis van Mississippi, Andrew Goodman, ŉ somervrywilliger, en Michael Schwerner, ŉ CORE-organiseerder, albei van New York City, deur Cecil Price, ŉ Neshoba Distrik Adjunk-balju en KKK-lid gearresteer, en hulle het verdwyn.

**[Uit *https://en.m.wikipedia.org/wiki/Freedom_Summer.* Toegang op 29 September 2023 verkry.]**

**BRON 3B**

Die uittreksel hieronder is geneem uit *A Byte Out of History: Mississippi Burning FBI Case Records,* VSA Department van Justisie Verslag oor die ondersoek van die 1964-moorde op Michael Schwerner, James Chaney en Andrew Goodman.

Die KKK was in ŉ moorddadige bui. Dit was Junie 1964 – die begin van die "Vryheidsomer" as ŉ direkte reaksie op die Klan se eie veldtog van vrees en intimidasie.

Die Klan in Mississippi was agter ŉ 24-jarige New Yorker, genaamd Michael Schwerner aan, wat aktief betrokke was by die organisering van plaaslike boikotte en met kiesersregistrasie gehelp het. Op 16 Junie het gewapende KKK-lede op ŉ plaaslike kerkvergadering toegesak op soek na Schwerner … hulle het die kerk aan die brand gesteek en die kerkgangers geslaan. Op 20 Junie is Schwerner, James Chaney en Andrew Goodman suidwaarts om die brand te ondersoek. Die gebeure wat gevolg het, sou die nasie verstom.

**5 nm. 21 Junie:** Nadat hulle in Philadelphia, Mississippi, ingery het, is die drie aktiviste na bewering vir spoed deur ŉ Neshoba Distrik Adjunk Balju in hegtenis geneem.

**10:30 nm. 21 Junie:** Chaney, Goodman en Schwerner is vrygelaat en het in ŉ blou stasiewa weggery. KKK-lede het gevolg. Daar is nooit weer van die aktiviste gehoor nie. Toe die mans vermis geraak het, het werkers van die SNCC en COFO die FBI begin bel om ŉ ondersoek te versoek. Die ouers van die vermiste mans het ontmoetings met pres. Johnson en prokureur-generaal Robert Kennedy geëis.

**22 Junie:** Nadat ons van die verdwyning in kennis gestel is, het die Departement van Justisie ons betrokkenheid versoek; ŉ Paar uur later het prokureur-generaal Robert Kennedy ons gevra om die saak te lei.

**23 Junie:** Intelligensie wat deur ons agente saamgestel is, het hulle na die oorblyfsels van die uitgebrande stasiewa gelei. Geen lyke is gevind nie; die ergste is gevrees. Die Mississippi Burning-saak het vinnig een van die FBI se grootste ondersoeke geword.

**24 Junie tot 3 Augustus:** Ons het met behulp van die Nasionale Wag ŉ massiewe soektog na die jong mans van stapel gestuur. Op versoek van president Lyndon Johnson het ons ook ŉ nuwe veldkantoor in Jackson, Mississippi geopen.


**4 Augustus:** Op grond van ŉ informantewenk het ons al drie liggame onder ŉ gronddam op ŉ plaaslike plaas opgegrawe. Meer as ŉ dosyn verdagtes, insluitende Adjunk Price en Balju Rainey, is aangekla en gearresteer.

Op die ou einde het die Klan se moorddadige neigings op hulle teruggedraai. Die moorde het die nasie skielik tot aksie gebring (geskok) en gelei tot die aanvaarding van die Burgerregtewet van 1964 en die Stemregwet van 1965.

**[Uit *https://www.fbi.gov/history/famous-cases/mississippi-burning* Toegang op 12 Oktober 2023 verkry.]**

**BRON 3C**

Die bron is ŉ plakkaat uit *Federal Bureau of Investigation, A Byte Out of History: Mississippi Burning Case*, uitgereik op 29 Junie 1964. Dit handel oor die vermiste Burgerregte-werkers van die Vryheidsomer-veldtog in Mississippi.




**[Uit *https://www.fbi.gov/history/famous-cases/mississippi-burning* Toegang op 15 Oktober 2023 verkry.]**

**VERTALING:**

VERMIS: Kontak die FBI

Die FBI is op soek na inligting oor die verdwyning van hierdie drie individue, in Phillidelphia, Mississippi, op 21Junie, 1964. Uitgebreide ondersoeke word ingestel om Goodman, Chaney en Schwerner op te spoor, wat as volg beskryf word:

**BRON 3D**

Die bron hieronder skets die suksesse van die Vryheidsomer-veldtog rakende Afro-Amerikaners in die VSA in die 1960's.

Ten spyte van die struikelblokke en gevare, het die Vryheidsomer 'n groot impak op kiesersregistrasie en politieke deelname gehad. Afro-Amerikaners het in hoër getalle in Mississippi en ander Suidelike state geregistreer om te stem. Meer as 80 000 nuwe kiesers is teen die einde van die somer geregistreer, 'n merkwaardige prestasie gegewe die voortdurende veldtogte om Afro-Amerikaanse kiesersregte te beperk.

Die sukses van die Vryheidsomer se kiesersregistrasieveldtogte het bewusmaking van die probleem van kieseronderdrukking laat ontstaan. Dit het die weg gebaan vir die 1965-aanname van die Stemregwet, wat stemreg verder beskerm en uitgebrei het vir Afro-Amerikaners en ander uitgeslote gemeenskappe.

Die kiesersregistrasie-aksies in Mississippi was suksesvol vanweë die opvoeding en hulpbronne wat deur Vryheidskole en gemeenskapsentrums verskaf is. Vryheidskole het 'n kritieke rol in die bou van momentum van die Burgerregtebeweging van die 1960's gespeel.

Dwarsdeur die Suide het mense teen segregasie en vervolging geveg. Voorwaardes het eers verander na die Stemregwet van 1965 met die federale regering wat sy amptenare na plaaslike hofgeboue gestuur het. Meer as die helfte van Afro-Amerikaners in suidelike state het teen die einde van 1966 ingeskryf om te stem. In die daaropvolgende jare is baie Afro-Amerikaners tot plaaslike ampte soos burgemeesters, skoolrade en polisiehoofde verkies. Baie SNCC- en CORE-personeel het voortgegaan met belangrike posisies in die regering. John Lewis van SNCC is tot die Amerikaanse kongres verkies. Mary King van die SNCC het onder president Carter toesig oor die Vredesmag en Vista gehou, en Julian Bond het die NAACP gelei.

**[Uit *https://www.aroundrobin.com/freedom-summer-project/* Toegang op 15 Oktober 2023 verkry.]**

**ERKENNING**

*Bild Newspaper, 16 August 1961*

*Buffet C. The cold war as a visual conflict: Photographic representations of the Berlin wall, 1998; Brolly. Journal of Social Sciences, Vol. 2 (Oxford 1998)*

*Hertle H.H. 2008. Berlin Wall: monument of the Cold War (Ch.Links Verlag)*

*https://en.m.wikipedia.org/wiki/Freedom Summer*

*https://www.fbi.gov/history/famous-cases/mississippi-burning*

*https://www.fbi.gov/history/famous-cases/mississippi-burning*

*https://www.aroundrobin.com/freedom-summer-project*

*https://americanarchive.org/exhibits/newshour-cold-war/angola/*

*https://apps.dtic.mil/sti/tr/pdf/ADA511493.pdf*

*https://libraries.uta.edu/ettahulme/image/20087313jpg*

*https://www.cia.gov/readingroom/docs/CIA-RDP88-01314R000100660020-1.pdf*

*https://courses.lumenlearning.com/suny-hccc-worldhistory2/chapter/the-building-of-the-berlinwall.*

**EINDE**

**VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE VRYHEIDSOMER-VELDTOG VAN 1964 OP DIE STEMREG VAN AFRO-AMERIKANERS IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's GEHAD?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Waarom, volgens die bron, is die Vryheidsomer-veldtog in Mississippi van stapel gestuur? (1 x 2) (2)

3.1.2 Definieer die term *vrywilliger* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.3 Noem enige TWEE organisasies in die bron wat aan die Vryheidsomer-veldtog van 1964 deelgeneem het. (2 x 1) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar oor hoekom jy dink wit burgerregteleiers voortgegaan het en 'n baie groter aantal wit vrywilligers gewerf het. (1 x 2) (2)

3.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom baie van Mississippi se wit inwoners die buitestanders diep verag (gehaat) het. (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Haal bewyse uit die bron aan wat wys waarom die Ku Klux Klan (KKK) Michael Schwerner geteiken het. (1 x 2) (2)

3.2.2 Waarom, volgens die bron, is die drie aktiviste in hegtenis geneem? (1 x 2) (2)

3.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom prokureur-generaal Robert Kennedy die FBI gevra het om die saak te lei. (2 x 2) (4)

3.2.4 Lewer kommentaar oor die betroubaarheid van hierdie bron vir historici wat die dood van die drie aktiviste tydens die Vryheidsomer-veldtog in Mississippi ondersoek. (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer Bron 3C.

3.3.1 Hoekom, dink jy, het die FBI hierdie plakkaat op 29 Junie 1964 uitgereik? (1 x 2) (2)

3.3.2 Wat vertel die plakkaat jou oor die ondersteuning van die Vryheidsomer-veldtog binne die konteks van die Burgerregtebeweging? (1 x 2) (2)

3.4 Vergelyk Bronne 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3C met betrekking tot die verdwyning van die drie aktiviste in Mississippi ondersteun. (2 x 2) (4)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Wat, volgens die bron, was die impak van die Vryheidsomer-veldtog op Afro-Amerikaners in Mississippi? (1 x 2) (2)

3.5.2 Definieer die konsep *kieseronderdrukking* in die konteks van die Vryheidsomer-veldtog in die VSA. (1 x 2) (2)

3.5.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die Vryheidsomer-veldtog bewusmaking van die probleem van kiesersonder-drukking in die VSA verhoog het. (2 x 2) (4)

3.5.4 Lys TWEE bewyse uit die bron wat daarop dui dat die Vryheidsomer-veldtog die politieke posisie van Swart Amerikaners drasties verbeter het. (2 x 1) (2)

3.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer agt reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die impak verduidelik wat die Vryheidsomer-veldtog van 1964 op die stemreg van Afro-Amerikaners in die Verenigde State van Amerika in die 1960's gehad het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae vanuit hierdie afdeling NIE.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die taktiek en metodes wat die Viëtkong gebruik het, het ŉ groot uitdaging aan Amerikaanse soldate tydens die Viëtnam-oorlog tussen 1963 en 1975 gestel.

Bespreek hierdie stelling krities en gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Die politieke, ekonomiese en kulturele beleide van Mobutu Sese Seko was uiteindelik onsuksesvol in die ontwikkeling van die Kongo in die jare na onafhanklikheid.

Stem jy saam met die bogenoemde stelling? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950'S TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die Swartmag-filosofie daarin geslaag het om trots en eenheid onder Afro-Amerikaners in die Verenigde State van Amerika in die 1960's te vestig. **[50]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**